

Stelloskoop

Amptelikeskooltydskrif van Hoërskool Stellenbosch | September 2019 | R10

**Nuwe
Hoofleiers**

**'n Legende
verlaat Stellies**

**Klein ge-
noeg om
persoonlik
te wees...**

**GROOT genoeg om 'n
KRAG te wees!**

#Derbyfeeling

**Stellies los voet-
spore in Afrika!**



Celebrating 20 years of service!



Airwise Airconditioning proudly celebrates 20 years of service to Cape Town, South Africa and beyond.



In conjunction with Fourways Airconditioning as a major supplier of Samsung and Alliance airconditioning equipment, our teams have ensured a better quality of life for many thousands of South Africans as well as those far beyond our borders.

We are grateful for all the support we have received over these past 20 years and look forward to being of service to thousands more businesses and homes in the decades ahead.

7 Buketraube Crescent, Saxonburg Business Park 2, Blackheath 7580 · Tel: 021 905 8980



Alliance

fourways
AIRCONDITIONING

SAMSUNG

Redakteursbrief

Mense wil dikwels by my uitvind wat Hoërskool Stellenbosch anders maak as enige ander skool. Ek begin gewoonlik die antwoord deur die verskillende geleenthede wat die skool vir jou bied op te noem. Daarna beweeg ek na die onderwysers wat definitief nie vervang kan word deur enige ander groep mense nie. Verder vertel ek van die suksesverhale wat al uit Hoërskool Stellenbosch gekom het... maar eintlik lê die antwoord baie dieper as dit.

Die antwoord kan jy slegs kry as jy werklik deel raak van die Stellic-ervaring. Jy moet deur die gange loop en deur die vriendelike gesigte gegroet word. Jy moet 'n Afrikaanse klas bywoon en die ontspanne, maar gedissiplineerde

atmosfeer beleef. Jy moet 'n sportdag bywoon waar jy nie uit die warm son wil kom nie, want jy is trots om daar te wees. Jy moet in die Endersaal gaan sit en omring word deur die absolute musikaliteit van die tienerstemme in die Stellicskoor. Dit is in hiërdie dinge waar die waarde van Hoërskool Stellenbosch lê.



Hierdie Stellicskoop doen sy bes om 'n opsomming van die kwartaal en al sy aktiwiteite te gee. Ek het gepoog om die trotse gevoel van interskole, tesame met die opgewondenheid van al die kampe en toere, asook die groot verantwoordelikheid van die nuwe leiers vas te vang in 36 volkleur bladsye. Ek en my fantastiese nuwe redaksie het ons beste gedoen, maar van die begin af was dit duidelik dat ons dit nie ten volle sal kan regkry nie.

Die Stellic-ervaring kan net op een manier gekry word. Daarvoor moes jy dár wees. Hierdie Stellicskoop bevat nou slegs terugflitse van al die ongelooflike dinge wat hierdie kwartaal gebeur het.

Jani Badenhorst

Redaksie

Fotograwe

Nicola Williams
Anika Kotze
Nicola Goosen
Karla Nel
Ian Botha
Charé Koortzen
Christian Cloete

Uitlegkunstenars

Ronel Sauerman
Liebe Bester
Nicola Goosen

Uitlegredaktrise

Jani Badenhorst

Bemarking

Gerald Barendilla
Chumani Komsana
Nina du Plessis
Nicola Williams

Tekenaars

Ronel Sauerman
Fleur Esterhuysen

Onderwyser betrokke

Juf. Felton


Verslaggewers

Lize Herbert
Githa Smit
Adelé Kotzé
René Kotzé
Phebe la Grange
Nicola Williams
Nina du Plessis
Jana Basson
Liebe Bester

Inhoud

Drukkers: SunMedia

Voorbladfoto: Christian Cloete



Aktueel

- 6 2020... Hier kom ons!**
Die HK en MR gaan kamp saam om toegerus te word met die nodige vaardighede om te lei in 2020.
- 8 Hoofleiers**
Die hoofleiers van 2020 deel bietjie van hul visie vir die skool en die jaar wat voorlê.
- 10 'n Legende verlaat Stellies**
Die legendariese juffrou Otto tree af aan die einde van Oktober. Ons vertel meer oor haar ervaring by HSS.
- 12 Laaste 400 dae begin in die dorp**
Die graad 11's vaar die dorp in met die doel om meer oor leierskap uit te vind.
- 13 Mnr en Mej HSS**
Stellies spog met hul beeldskone meisies en aantreklike jong manne.
- 14 Stellies het harte**
Hoërskool Stellenbosch se leerders wen 'n prys vir 'n groot hoeveelheid leerders wat bloed geskenk het.
- 14 Wiskundige Geletterdheid olimpiade**
Die eerste Wiskundige Geletterdheid olimpiade is hierdie jaar geloods.

Leefstyl

- 15 Stellies geniet 'n piekniek op die wal**
Ons gaan die lente binne met 'n gesellige braai.
- 15 Die Donkie was hier...**
Frank Opperman kom vermaak Stellies met sy een-man-vertoning, *Donkie*.
- 16 Stellies los voetspore in Afrika!**
'n Groep Stellies gaan verken die rustigheid van Afrika op die Afrika-toer.
- 17 Ein... zwei... drei... Vlieg!**
Twee van HSS se leerders gaan op 'n Duitse uitruil.
- 18 The wetter the better**
Die graad 11's geniet elke jaar die Oranjeriviertoeë gate uit.

Sport

- 19 Netbaltoer in Clanwilliam**
Die o/14- en o/15 A-netbalspanne het 'n wonderlike tyd in Clanwilliam gehad.
- 19 Menlopark Tennistoer**
HSS se seunstennisspelers het uitstekend gevaar tydens 'n tennistoer-nooi.
- 20 Klein genoeg om persoonlik te wees...**
Foto-flitse van interskoleweek se geesbou.
- 23 Groot genoeg om 'n krag te wees!**
Interskole hierdie jaar was 'n groot sukses. Kyk maar self met hierdie tellings!
- 25 #Derbyfeeling**
Die interskole-gevoel word geskep deur 'n week van prettige aktiwiteite.
- 26 Kom speel saam sokker!**
Ben van Wyk neem inisiatief om 'n HSS-sokkerspan te stig.

- 27 Sportdinee 2019**
HSS gee erkenning aan die sportpresteerders met 'n formele dinee.

28 Uitsonderlike prestasies

Kultuur

- 29 Nader my koor aan Kritzie**
Die koor geniet 'n heerlike toer in die Suid-Kaap.
- 30 Donkievel gaan groot!**
HSS se toneelgroep presteer met Donkievel.
- 32 Stellies-kultuur leef voort**
Hierdie jaar se Kunste Prestige- en Toekenningsaand was een vir die boeke.
- 33 Uitsonderlike prestasies**



Daar is geen twyfel dat die MR- en HK-lede van hierdie jaar sterk leiers is nie, maar daar is sekere vaardighede wat hierdie groep tot op die volgende vlak kan neem. Daarom het die skool die gebruik om hierdie leiers vir 'n naweek uit hulle gemaksones te haal en op te lei in kommunikasie- en mensevaardighede. Hierdie naweek dien ook as 'n spanbou-naweek aangesien die leier-groep uit 'n verskeidenheid van vriendekringe kom en uiters verskillende belangstellings het. Dit is goed gedink om hierdie jaar 'n gesamentlike kamp te hou vir die Matriekraad en die Huiskomitee om juis integrasie tussen die skool en die koshuis aan te moedig. Die lede het vooraf geweet daar gaan geen elektrisiteit of hutte wees waarin mens kan slaap nie, maar soos die skoolbussie al verder en verder in die niks in gery het, het die dames se moed al verder in hul skoene gesak en Salmo



Gerald, Gerald, Evin en Graeme op 'n bergklimeskapade die Saterdagoggend t



Die HK- en MR-lede geniet die rustigheid van die natuur
Foto: Francois Malherbe

al meer opgewonde geraak. Die voordele van so 'n kamp is dat daar nie veel is wat jy van jou spanmaats kan wegsteek nie. Elke aktiwiteit wat op hierdie kamp gedoen is, het 'n spesifieke doel daaragter gehad. Daar is onderwerpe op die tafel gegooi waarvoor almal hulle opinie kon lig, en

daarna met 'n oplossing vorendag kon kom. Daar is gesprekke gevoer oor relevante kwessies in ons skool soos skooltrots, dissipline en tradisie, maar die waardevolste gesprekke is dié wat spontaan om die kampvuur plaasgevind het. 'n Mens kan ure lank in vergaderings en oplei-

dingssessies sit en belangrike dinge leer, maar sit vir meneer Cruywagen langs 'n kampvuur op 'n Saterdagoggend met 'n blikkie Coke in sy hand en kyk waarheen só 'n gesprek lei. Na 'n naweek van meneer Malan se wyse woorde, meneer Cruywagen se insig, juffrou Parrock se verstaan van mense en die opinies van 'n buite-persoon (juffrou Parrock se man, Phil Parrock), het die MR en HK meer verstaan van hoe die mense werk waarmee hulle te doen gaan kry. Hulle het ook die voorreg gehad om vir Francois Malherbe saam op die kamp te hê. Sy ongelooflike mensekennis het die leiergroep se oë oopgemaak vir die dinge wat dikwels in mens se onderbewussyn gebeur. Maak julle self gereed vir 'n jaar om te onthou. Maak julle self gereed om geleenthede by te woon wat niemand anders sal kan organiseer as hierdie unieke groep leiers nie.

deur Jani Badenhorst

GENIGGIES

vir nuwe gesiggies

WELKOM deur Jani, Angelica en Wano

Jy stap hier in met groot hoop
Ontmoet matrieks wat jou gaan doop.
Jy word belowe van geluk
Sonder te veel stres of druk.

Binnekort raak rooi geel swart
Die drie kleure van jou hart
Jou familie en jou huis
Hier voel jy nou tuis

Die plek van groei, *you're always more*
HSS, *Semper Altior*

ONS IS IN HSS deur Maria, Salmo en Miya

Ons is in HSS
En ons koshuisvader is bles
Die skoolhoof doen sy bes
Maar die ouers bly 'n pes

Ons astro is nuut
En as jy op dit speel, gaan Carpenter jou skiet
Juffrou Felton is kort
En sy dink tennis is die enigste sport

Mnr Mostert speel skaak
Maar in die klas is hy 'n bietjie vaak
Ons het die beste snoepie-tannie
Maar jy kan nie in klastyd gannie

Meneer Malan laat ons altyd lag
En misbruik nooit sy gesag
Graadkampe was vir almal fun
Behalwe vir meneer Malan

Ons skoolterrein is altyd skoon
Want almal soek Cruywagen se verlore toon
Ons klink nou 'n bietjie laf
Maar Hoërskool Stellenbosch moet ons asseblief nie straf

Die nuwe leierspan se kreatiwiteit
is getoets deur vir hulle die opdrag
te gee om binne 'n paar minute 'n
gedig te skryf wat 'n nuwe graad 8
sal vertel waarom Hoërskool Stellenbosch gaan. Hier is waarmee hulle opgekom het.

ONS SKOOL deur Dominic, Strauss en Gerald F

Die skool is cool
Die skool rule
Ek soek 'n pool
As jy nie so dink nie
is jy 'n fool

Daar is 'n lekker vibe
Ons is een groot tribe
En vir die onnies
kan ons nie bribe

Ons is klein
Maar getrain
Ons druk deur die pyn
Die kwaliteit van ons skool is piekfyn

HIERDIE SKOOL IS VIR JOU deur Phebe, Kayla en Chumani

Hierdie skool is vir jou
Met 'n koshuis, koor en nuwe astro
Hierdie skool gee vir jou sy bes
En ons is glad nie soos die res
Hier is jy meer as net 'n nommer
So oor identiteit hoef jy jou nie te bekommer
Hierso is vir almal plek
Vir een en elk al is jy gek
Jy word regtig lief vir die skool
Jy sprei jou vlerke en vlieg soos 'n voël
Ons is Stellies se beste geheim
En nog 'n woord wat met geheim rym

Hoofleiers van 2020

Jani Badenhorst - VRL-voorsitter

Ek onthou nog die graad 7-Jani met groot ogies wat gekyk het na die groot kinders in die hoërskool en die drome wat sy gehad het vir die daaropvolgende vyf jaar van haar lewe. Baie van hierdie drome het sy langs die pad laat staan en baie van hierdie drome het waar geword, maar daar is tog 'n paar drome wat wag om in 2020 vervolmaak te word.

Ek gaan hierdie jaar hard werk om vir jou opgewonde te maak om skool toe te kom. Skool is tog 'n plek van leer en op hierdie ouderdom behoort leer een van jou grootste prioriteite te wees. Dit is vir my belangrik dat elke Stellie besef jy hoef nie net te leer deur in die skoolbanke te sit en te luister na die onderwyser nie. 'n Groot deel van opvoeding gebeur wanneer jy uitdraf op die rugbyveld of in die koor sing. Ek gaan seker maak dat die geleenthede so georganiseer is dat jy weer sal kan opstaan as jy 'n fout gemaak het. Al wat jy dan hoef te doen, is aanhou soek totdat jy die plekkie in die skool kry wat jôu gelukkig maak.

Julle het gestem. Julle het julle volle vertroue geplaas in 23 mense wat Hoërskool Stellenbosch en Huis Du Preez na nuwe hoogtes gaan lei. Nou is dit tyd om hierdie mense toe te rus met die nodige vaardighede en kennis om 'n sukses van hierdie jaar te maak.



Strauss Viljoen - hoofseun

Ek het 'n baie goeie gevoel oor 2020. Ons skool is besig om na 'n volgende vlak van sukses te beweeg. In dit alles, is my wens vir elke Stellie dat 2020 een van die lekkerste jare van hulle hoërskoolloopbaan sal wees.

Dit is net moontlik as elkeen betrokke is en daarom wil ek elke Stellie aanmoedig om deel te neem waar ook al hulle kan. Ek wil graag 'n atmosfeer help skep waar leerders hulself kan uitleef, maar ook saamstaan as 'n eenheid. Dit gaan egter van elke liewe leerder afhang om hierdie visie te laat werk. Die ding is dat Stellies nie net 'n groep leerders is nie, maar een groot gemeenskap.

Laastens sal ek ook graag wil sien dat leerders vry voel om met my, die MR of die groter groep graad 12's te kom praat as iets pla.

Sien julle in die gangle!

Rafeeqah Agnew - hoofdogter

Ek is baie opgewonde vir 2020.

Toe ek gekies is as hoofmeisie vir 2020 het duisende gevoelens en gedagtes deur my kop gehardloop, meestal skok!

Ek sien baie uit vir my termyn as hoofmeisie, maar ook om met die res van die matriekraad te werk, asook die HK. Ons is 'n ongelooflike groep, met soveel talent en dit maak my net nog meer opgewonde! Ons visie is om deelname aan te moedig en trots te kweek in die skool en gemeenskap, en ons as 'n groep gaan alles in ons vermoë doen om dit te bereik.

Ek sien daarna uit om saam met al die ander leiers Hoërskool Stellenbosch hoër te vat, Semper Altior.



Nina du Plessis - mentorleier

Ek het die voorreg om volgende jaar die mentorleier van Huis Du Preez te wees. Wat is die mentorleier nou eintlik? Dit is vir die eerste keer as 'n aparte rol gesien. Dit was altyd gekoppel aan die werk van die onderhoofdogter. Basies is die mentorleier die ouer broer of suster van die koshuis. Ek is verantwoordelik vir die kies van die mentors, asook die paring van die mentors en hulle menties. Ek het die voorreg om 'n mentor aan die mentors te wees. My visie vir volgende jaar is om werklik my rol as "ouer suster" vol te staan. Koshuis is definitief een van die lekkerste plekke waar mens kan woon, maar dit het wel 'n paar uitdagings. Ek wil hê dat daar 'n sterk verhouding sal bou tussen die menties en hul mentors, want so verseker ons 'n veilige ruimte vir die nuwelinge in die koshuis. Ek beplan om dit te doen eerstens deur voorbeeld en tweedens deur om baie tye uit te sit vir die mentors en hulle menties.

Gelukkig werk ek saam met juffrou Van der Merwe en met haar ondersteuning en leiding is ek 100% oortuig dat volgende jaar se mentorprogram 'n sukses gaan wees.

Gerald Barendilla - koshuishoofseun

Ek is baie opgewonde vir die koshuis in 2020. Ek het die voorreg om saam met 'n wonderlike groep mense te werk wat die koshuis net kan verbeter. Daar kom byna 50 nuwelinge in die koshuis volgende jaar. Dit is een van die grootste groepe wat die koshuis in 'n lang tyd gehad het. Ons het 'n uitdaging voor ons, maar ek wil dit steeds vir elkeen 'n baie lekker tyd maak wat hulle sal onthou en eendag vir hul kinders sal vertel.

Ons wil graag respek vir jouself en vir ander in die koshuis kweek. Ek voel dit is een van die belangrikste waardes en dit kan jou baie ver bring in die lewe na skool. Die koshuis gee vir die leerders baie vryheid en so leer jy om verantwoordelikheid te neem.


Die plan is om meer sosiale geleenthede by die koshuis te hou. Die Vrydag voor hierdie jaar se interskole was 'n proeflopie vir die atmosfeer wat ons hierdie jaar in die koshuis wil kweek en ek dink enige koshuisleerder sal kan getuig dat die koshuis se gees lanklaas so hoog was. Dit was net die eerste van baie hierdie jaar!

Marié van Wyk - koshuishoofdogter

Ek is ongelooflik opgewonde vir my termyn as hoofmeisie by die koshuis. Nie net omdat ek wil terug gee aan die koshuis nie, maar omdat ek

daarna uitsien om saam met die mense wat op die HK is te werk.

Al kom jy nie van so ver nie (ek kom self net van die Strand af), bly Huis Du Preez die plek waar jy die grootste deel van jou week spandeer. Daarom het ek dit my doel as hoofmeisie gemaak om elke inwoner werklik tuis te laat voel. Mnr Cruywagen is reg: Mens kan nie 'n gesin van byna 200 lede wees nie, maar dit moet steeds vir elkeen lekker wees om in Huis Du Preez te bly en dit moet vir niemand 'n straf wees om 'n naweek in te bly nie.



'n Legende verlaat Stellies

deur René Kotzé

“'n Sondagskool-piekniek.” Dit is die woorde wat eerste by haar opkom as sy aan Hoërskool Stellenbosch dink.



Die bekende geskiedenis-onderwyser, juffrou Caroline Otto gaan Stellies ongelukkig aan die einde van Oktober verlaat.

Met swaar harte groet ons haar ná 13 jaar se geskiedenislesse. Sy vertel ons met nostalgie van haar gunsteling-herinneringe by Hoërskool Stellenbosch. Toe sy die dag haar voete in die skool sit, was haar eerste gedagte, “As die voorportaal so lyk, hoe lyk die res van die skool?” Omdat sy van ‘n baie klein dorpie af kom, kon sy haar oë nie glo toe sy by Hoërskool Stellenbosch instap nie. Met ‘n verstomde gesigsuitdrukking het sy haar pad na die personeelkamer gevind en só het haar hart verlief geraak op die vriendelike gesigte van ons skool en haar storie het begin... Die snaaksste ding wat gebeur het terwyl sy by die skool was, was toe

sy voor die dames badkamer op die eerste vloer gegly en baie onvroulik geval het op die nat vloer. Die leerders wou haar help, maar hulle het nie geweet hoe om die situasie sonder ‘n glimlag te hanteer nie. Sy sê eintlik is elke dag by die skool vir haar ‘n snaakse belewenis. Juffrou Otto sit een onvergeetlike dag in haar afperiode en merk, toe die deur skielik oopgaan en ‘n seun woorde-loos na die oop venster toe stap en uitspring! Minwetend dat daar eintlik hoogspringmatte onder op die grond was, het Juffrou se hart amper gaan staan. Sy het sukkel-sukkel haar pad na die venster gemaak en met blydschap gesien dat niemand beseer is nie. Volgens haar was dit die eienaardigste ding wat enige leerder al ooit in haar teenwoordigheid gedoen het.

“'n Sondagskool-piekniek.” Dit is die woorde wat eerste by haar opkom as sy aan Hoërskool Stellenbosch dink. Sy sê dit is omdat die skool anders is as al die ander skole, waar sy al skoolgegee het. Dit skep ‘n gevoel van opgewondenheid waarna elke leerder uitsien met ‘n plesierige en positiewe omgewing. As sy moes dink aan wat sy die meeste gaan mis van die skool sou dit kamer 208 en haar geskiedenislesse wees. Definitief ook die aanvaarding wat die skool skep. Sy erken sy is baie bevoorreg om deel van Hoërskool Stellenbosch se familie te kon deel-vorm en sy gaan elke liewe deel van die skool mis.



Foto: Nicola Williams

Beste Juffrou Otto

Vanaf die leerders, mede-personeel en al die Stellies sê ons baie dankie vir Juffrou, dat Juffrou Geskiedenis so interessant gemaak het en net almal se dag opgekikker het met een van Juffrou se menigte stories. Dankie dat Juffrou as die “ouma” van die skool opgetree het en altyd vir ander omgee het. Ons is baie spyt om so ‘n legende te sien gaan, maar ons weet hierdie volgende hoofstuk in Juffrou se lewe gaan ekstra spesiaal wees en ons wens Juffrou alle sterkte toe.

Van al die Stellies



LAASTE 400 DAE

begin in die dorp

Leierskap is nogals 'n baie relevante konsep, of hoe dink jy? Die **graad 11's** het vir ons bietjie gaan uitvind wat die res van **Stellenbosch** dink leierskap is.

deur Lize Herbert

Met groot opwinding roep die MR-lede Vrydagoggend, 13 September 2019, hul groeplede se name uit en die leerders bondel byme- maar. Op pad koshuis toe bespiegel almal watse firma of interessante ou omie hulle gaan kry. Ons gaan sit en spring aan die werk. Hier spat net vonke soos die breine bymekaar gesit word vir idees vir die plakkate. Elkeen verduidelik wat hulle groep se naam is

en die waarde wat hulle die beste verteenwoordig, en ook hoe ons as matriekgroep volgende jaar onthou wil word. Die tyd het gekom en elke groep spat in 'n rigting na hul uitgedeelde persoon. Die afspraak is gemaak vir elfuur en daar is ongeveer 30 minute om te gesels. Die hele rede vir die onderhoude is om uit te vind hoe hierdie mense leierskap sal definieer. Dit was definitief

interessant om te kon hoor wat ander mense sal beskou as 'n leier en hoe soveel mense se opinies kan verskil oor dieselfde onderwerp. Na die afspraak kom al die groepies weer twaalfuur bymekaar vir 'n terugvoersessie en ruil die groepe bietjie idees uit. Ons was gevra as ons die skool 'n rooi, groen of geel kaart kon gee vir leierskap wat ons sou gee en die meeste kommentare het neergekom op

geel. Goed, maar nog nie daar nie. Ek dink definitief dit is die insig van die onderhoude met die mense in hoër magsposisies wat ons tot hierdie uiteinde kon bring. Ons het baie insig- gewende gesprekke gehad Vrydag en dit was definitief 'n lekker ervaring om die graad bietjie bymekaar te bring. Dankie, juffrou Parrock en meneer Malan vir die idee, moeite en tyd.



MNR EN MEJ HSS

"Ek identifiseer met 'n vlam."

"Ek sou sê my persoonlikheid pas die beste by sop."

Weet jy nie waarvan ek praat nie? Dit beteken jy het Hoërskool Stellenbosch se groot geleentheid, Mnr. en Mej. HSS misgeloop en dit is 'n tragedie! Die deelnemers het so mooi gelyk met hul pragtige tema, "Winter Wonderland" en definitief hul goed van hul taak gekwyd. Ten spyte van die paar vergete woorde, het die skitterende uitrustings en persoonlikhede daarvoor opgemaak. Daar was verskeie kategorieë, waarvan die eerste een was om trourokke te dra. Dit het die meisies definitief laat voel asof hulle oefen vir hul eie troudag. Die tweede kategorie het behels om aan te trek wat jy voel die beste by jou persoonlikheid pas, natuurlik op toepassing van die tema. Dit het gewissel van vlamme op 'n koue aand tot warmsjokolade en komberse op

'n reënerige dag. Die daaropvolgende kategorie was definitief die mooiste van die aand. Die paartjies het 'n uitgewerkte dansie saam op die verhoog uitgevoer en selfs dié met twee linkervoete het mooi saamgedans. Die finale gekroondes was Miya Hartogh as Mej. Stellenbosch en Edwin Norris as Mnr. Stellenbosch. Eerste prins was Strauss Viljoen en Damian Williams tweede prins. Nina van der Merwe was eerste prinses gekroon en Ané Beukes tweede prinses. Die deelnemers het nog nooit so gesprankel soos daardie aand op die verhoog nie en ons is ongelukkig trots op elkeen van hulle. Die aand was definitief 'n geleentheid wat jy nie wou misloop nie. Sien julle by die volgende Mnr. en Mej. Hoërskool Stellenbosch!

deur Lize Herbert



Luc Swart is vol selfvertroue tydens sy laaste mnr en mej HSS



Die beoordelaars geniet die vertoning net so veel soos die leerders



Stellies het harte

Die leerders van Hoërskool Stellenbosch besef die merkwaardige bydrae wat hulle kan lewer tot red van 'n lewe wanneer hulle bloed skenk. Die bloedskenkkomitee kon ons Stellies se harte roer en hulle motiveer om 42 skenkings te lewer met ons eerste sessie in Mei. Dit is gelykstaande aan die red van 153 lewens! Hierdie merkwaardige tentoonstelling van ons omgee-kultuur het gesorg dat Hoërskool Stellenbosch onder die Top 4 skenker-skole in ons streek erken word. Die tweede sessie op 3 Oktober was net so suksesvol met 58 skenkings. Dit was so ver bo die verwagting dat hulle elke liewe sakkie wat saamgebring is, volgemaak was. Die bloedskenkkomitee is ongelooflik dankbaar vir elkeen wat 'n bydrae gelewer het. Danksy ons leerders se bereidwilligheid om 'n stukkie van hulself te gee, klop daar buite in die wye wêreld Stellie-liefde in iemand se hart!

deur Phebe la Grange



Stellies geniet 'n piekniek op die wal!


Na 'n lang kwartaal het Stellies besluit om die laaste Dinsdag (17 September) van die kwartaal op 'n goeie noot af te sluit en braaidag 'n bietjie vroeër te vier. Al die leerders, onderwysers en sommige van hulle troeteldiere het sukkel-sukkel op na die bokant van 'n heuwel omtrent een kilometer van die skool af gestap. Hulle het daar aangekom en onmiddellik 'n spasie gekies waar hulle komberse op die grond oopgegooi het. 'n Heerlike atmosfeer is geskep vir lag en gesels onder die skadu van die bome. Enige man met die wil vir braai het ingespring en geselsies gemaak om die vuur. Daar is vir elke leerder boereworsrolle en sap uitgedeel en die leerders het dit met 'n glimlag geniet. Dit is die tweede jaar wat Hoërskool Stellenbosch hierdie geleentheid vir die leerders bied om te ontspan en die atmosfeer in die skool te lig. Ons hoop van harte dat hierdie gebruik 'n tradisie sal raak en dat Hoërskool Stellenbosch nog vir lank die lente met so 'n heerlike aanslag sal intrap.

deur Liebe Bester

Wiskundige Geletterdheid olimpiade

Hoërskool Stellenbosch se onderwysers, juffrou Bruwer en juffrou van Rensburg, het hierdie jaar op 16 Julie vir die eerste keer 'n Wiskundige Geletterdheid olimpiade geloods. Hierdie olimpiade is geloods sodat leerders die waarde van hierdie vak kan besef. Dit is 'n praktiese vak wat leerders toerus met die nodige wiskundige vaardighede vir die alledaagse lewe. Tweehonderd en vyftig leerders van regoor die Kaapse Wynland distrik het hierdie olimpiade elektronies afgelê. Ons is ook baie trots op Francois Davy wat 'n tweede plek deel saam met Nika Coetzee van Hoër Meisieskool Bloemhof.

deur Jani Badenhorst



Die DONKIE was hier...

Frank Opperman bekend vir sy rol as Ouboet van Orkney Snork Nie, met sy bekende lyn "Poeksie Woepsie se Worsie Wapsie is baie lief vir haar," het ons kom verryk met sy absolute skreeusnaakse eenmanvertoning op 7 Augustus 2019. Alhoewel dit nie op ons as gehoor gefokus was nie, kon ons steeds lekker saamlag en bietjie van die grappies snap. Die vertoning is meestal gefokus op 'n ouer gehoor en dus was die vertoning van die vorige aand (6 Augustus 2019), 'n reuse sukses onder die ouers en ander toeskouers. Die vertoning is die volgende oggend weer vir die skool opgevoer, as fondsinsameling vir die netbalspanne se opkommende toer. Ons wil net vir meneer Barry Swart baie dankie sê vir sy tyd wat hy opgeoffer het om ons skool te kom ondersteun. Ons verwelkom Meneer graag terug!

deur Lize Herbert en Githa Smit



Foto: Juffrou Barnard

Eins... zwei... drei...

VLIEGI

Na 19 ure se vlieg van Kaapstad tot Dubai en uiteindelik Munich, land twee opgewonde Stellies met die belofte van avontuur in hul gedagtes.

Shwartzentruch. Nee, dit is nie 'n ongeneesbare siekte nie, maar wel 'n klein Duitse plattelandse dorpie. Charel Blom en Gabbie Visser, beide in graad 10, het op 5 Mei 2019 op die "meer gestruktureerde" Munich Internasionale Lughawe geland.

Charel is daar ontvang deur sy gasfamilie van ses, wat warm en verwelkomend was. Die familie kom van die Burisch-streek af. Dit beteken dat hulle baie skoon Duits praat, geen "slang", en baie meer konserwatief is as die mense van die stede. Hy is ontvang op 'n regte Duitse manier met broodjies en kouevleis vir middagete en aandete en weer middagete en aandete vir die res van die uitruil.

Die kos is verseker 'n aanpassing vir iemand wat gewoon is aan 'n lekker skaaptjoppie, maar die ervaring bly positief.

"Education is the most powerful weapon." Die wyse woorde van Nelson Mandela. Charel het saam met Toby, sy gasbroer, die

Die skoliere was nuuskierig oor Suid-Afrika, die gewone 'Is daar leeus in die strate?!' tipe nuuskierigheid.

Duitse skoolsisteem aangepak. Om te sê dat die sisteem alreeds 'n "powerful weapon" is, raak net aan die oppervlak van die Duitse onderwyssisteem. Die skool was ongelooflik nuut, slegs ses jaar oud en hiper modern. In die woorde van Charel: "Dit

is soos die Bio labs op steroids" en hierdie hoë gehalte stop nie net by die fisiese gebou nie, die klasse wat aangebied word, soos wiskunde en skeinat, is oor die algemeen op 'n hoër standaard. Duitsers vat die onderwys ongelooflik ernstig op. As gevolg daarvan, is daar geen skoolfondse nie met die hoop dat dit families verder sal aanmoedig om hul kinders skool toe te stuur. Die skoliere was nuuskierig oor Suid-Afrika, die gewone 'Is daar leeus in die strate?!' tipe nuuskierigheid.

Oor die algemeen is die mense van Duitsland baie "kouer" as die van Suid-Afrika, maar die ouer generasie is meer oop en warm. Duitsland is ryk in geskiedenis. Een van ons Stellies het die voorreg gehad om hierdie aspek van Duitsland te verken. Gabbie het in haar tweede week gereis na Nurnberg, waar daar nog steeds geboue wat Hitler self gebou

het, staan. Die geboue bly opgerig as gevolg van die geskiedkundige waarde wat aan hulle toegevoeg is. Sy het ook 'n draai gaan maak by die Black Forrest, nie die koek nie, maar die beroemde woud op die grens van Duitsland en Frankryk. Die oorweldigende groen van die berge is slegs geëwenaar met die hoeveelheid koekoeksklokke wat van die hout geproduseer word sedert die 1700's.

Charel en Gabbie was ook saam met hulle skole op 'n uitstappie om die Berlynse muur te besoek. Gabbie en Charel het baie verskillende ervarings gehad, maar albei was 'n belewenis wat hulle nooit sal vergeet nie. Die Auto Baan, BMW-museums, die nuwe kultuur, die kontakte wat opgebou word, die lewenskennis wat opgedoen word en die selfontdekking is als definitief die lang vlug en vreemde kos werd.

deur Nina du Plessis

Stellies los voetspore in Afrika!

Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak. Stellies se gees loop diep in hul bloed en is sterker as vlees.

Hul gees het hul harte warm gehou toe 'n handvol Stellies-leerders hul voete op 15 Junie 2019 in Kaapstad Internasionale Lughawe neersit. Ná 'n drie uur vlug, land hulle in Victoria Falls Internasionale Lughawe in Zimbabwe en só begin hul avontuur! Hulle eerste aand word spandeer langs die gedreun van die Victoria-waterval. Hulle het die volgende sonsopkoms geniet en die Victoria-waterval van naby gaan bewonder gekleed in reënjasse. Ons is almal bekend met die Senjati-advertensie wat gereeld oor die radio blêr, maar die avontuurlustige leerders het keer op keer gewag om die advertensie te memoriseer, want dit was

hul slaapplek vir die volgende twee aande. Meer as 80 kilometer word afgelê om deur Zimbabwe se grens te ry Botswana toe. Hier word jou brawe hart getoets, want al wat jou en die reuse diere daar buite skei, is 'n paar ligte! Die leerders het die natuur se plooië bewonder van hul stoep af. Hulle het die voorreg gehad om olifante dop te hou, by 'n watergat wat 30 meter van hul stoep af geleë is. Stellies skrik nie vir koue pampoen nie, want die volgende oggend is almal vieruur op en wakker! Hulle los net stofwolke agter en verken die pad deur Chobe Nasionale Park wat omtrent 11 700 km² groot is! Die eerste wildediere wat gewaar word met die oog is

leeus. Die wildediere ken geen heinings of hokke nie en loop vrylik rond. Stellies het die kameelperd en luiperd gegroet met 'n seer hart. Hulle ontmoet die vars oggend vroeg en beweeg na die Namibiese grens na die Caprivi. Tente word weer opgeslaan in die Rupara Kamp. Die volgende aande is onder die sterre spandeer, langs die kampvuur met die natuur wat in jou ore sing. "Dit is 'n ongelooflike prentjie wat jy nooit in Suid-Afrika sal beleef nie," die woorde van Jennifer Allen beskryf die lieflike atmosfeer. Die leerders is op 'n bootrit gevat op die Kavango rivier en het hul amper in die geselskap van 'n paar moedswillige krokodille bevind! Stellies loer weer terug na die Victoria-waterval, maar hierdie keer vanuit Zambië se oogpunt. Hulle groet

finaal vir die waterval wat rook en spandeer hul laaste paar daggies met hul nuutgevonde familie! Party kinders het "Whitewater rafting" gewaag, waar sterk strome jou uitdaag, terwyl ander "Bunjee jumping" geniet het! Elke sprokiesverhaal kom tot 'n seer einde en Stellies het hul tranen in Afrika se stof agtergelaat. "Dit is moeilik, want ek was meer hartseer dat die toer verby is, as wat ek bly was om terug te wees in die Kaap," het Jennifer Allen gesê. Stellies, hierdie toer is een vir die boeke, want in 'n baie kort tydjie kruip mense baie diep in jou hart en herinneringe word gevef. 17 dae. 12 Stellies. 4 lande. 1 storie. 1 familie. Pak jou tas, ons gaan Afrika toer!

deur Adelé Kotzé





Op 19 September het 29 leerders, meneer Retief, juffrou Fourie en Kilian en mnr Kilian die Oranjerivier aangepak. Na 69km van roei, seer rûe, lukrake brandmerke en onvergeetlike herinneringe keer ons op 24 September weer terug. Almal uitgeput, maar die lekker tipe.

Ons vat die pad vroeg die Donderdagoggend. Die rit is gevul met Wimpies, slaapsessies en opgewondenheid. Na 'n vinnige stop by die grens is ons in 'n ander land - Namibië. Ons arriveer by Felix United Adventures. Ons word hier bederf met die beste wors waarna ons later nog smag en pak al ons bagasie in 'n emmer. Die emmer bevat ons lewens vir die volgende vier dae.

Die volgende oggend laai ons ons bote in die rivier. Met hoedjies op en sonbrandolie aan, begin die avontuur! Die eerste dag roei ons 18km. Dis lekker en gevul met mekaar nat spat (soms per ongeluk die verkeerde individu) en rondspeel. Totdat die W-faktor optel, en jou rug- en armspiere begin huil. Die gemoed word lig gehou deur die ongelooflike kos en

toergids, Borios, wie se reaksie altyd "awe" sal wees. Ons juig soos wat ons oor die klein "rapids" gaan, maar besef dat links nie altyd links beteken nie en julle is op die rotse. Op sulke tye, moet jy vinnig reageer, anderste vang jy 'n onvanplande swemmetjie. Ons maak kamp en ontmoet vir die eerste keer vir Loo-Loo, die opslaantoilet. Jou ander alternatief is Douglas, die graaf vir wanneer jy 'n veldjie gaan vang. Ons vang 'n stort in die rivier en kuier gesellig rondom 'n kampvuurtjie met vuurvliegies. Ons word weereens bederf met hemelse kos en met vol magies en vaak ogies slaap ons op die grond, onder die sterre. Hierdie was ons daaglikse rivierlewe.

Dag twee kry ons ons eerste groot "rapid", Entrance Exam. Nadat ons die geruk en geskud oorleef het, het die dag vlot verloop. Die vissermanne tussen ons het hulle geluk probeer en 'n babber of twee was gevang. Voordat ons ons slaapsakke kon neerlê, het ons 'n koppie uitgeklim en die beeldskone uitsig beleef. Jy word konstant omring

deur berge. Daardie aand is ons matras sand, waarvan drie kwart in jou slaapsak opeindig.

Ons begin die derde dag met die grootste "rapid", Sambok. Ons gaan een vir een af, en hoop vir die beste. Vir diegene wat nie 'n swemmetjie gevang het met die "rapid" nie, het ons hier gestop en gespeel. "Nappie runs" en spring in die stroom het oor-geloop. Na 'n dag van armspiere wat seer is en tone wat gebrand is, spandeer ons ons laaste aand op die rivier. Die gesellige en spottende natuur loop oor.

Die laaste dag begin ons rustig en maak selfs 'n eiland met al ons bote en verander dit in 'n dansvloer vir 'n vinnige sokkie. Die grappies loop oor, maar toe die W-faktor begin optel, is hulle almal op 'n stokkie. Na 16km arriveer ons by die optelpunt. Die lug is gevul met 'n juig na die vier wonderlike, uitputtende dae en NSYNC se lirieke gil, wat die hele toer deur "gesing" was: "I want it that way!"

Ons arriveer terug by Felix United Adventures en duik vir die swembad. Ons is terug na beskawing en moet van nuuts



af leer hoe 'n foon en toilet werk, maar met 'n nuwe waardering vir alles. Ons skiet oor die grens met moë ogies, maar met die riviertoer en sy wonderlike herinneringe by ons.

deur Jana Basson



Netbaltoer in Clanwilliam

Die o/14- en o/15 A-netbalspanne van Hoërskool Stellenbosch het hierdie jaar aan die Clanwilliam netbalfees deelgeneem. Hierdie toer vanaf 25 Julie tot 28 Julie het vir die spanne 'n heerlike geleentheid gegee om mekaar beter te leer ken in die gemak van die die Baths warmwaterbron naby Citrusdal.

Die Vrydag en Saterdag was gevul met 'n groot hoeveelheid wedstryde. Die toernooi was uiters suksesvol met die o/15-span wat 'n algehele tweede plek behaal het en die o/14-span wat 'n algehele vierde plek behaal het.

Die toer is afgesluit met 'n pragtige staproete waarna daar opgepak is en in die busse geklim is vir die lang rit terug vanaf Citrusdal.



Menlopark tennistoer



Hoërskool Stellenbosch se eerste seuns tennisspan het die naweek vanaf 21 - 24 Augustus aan Menlopark se jaarlikse tennistoernooi deelgeneem. Hierdie spelers het uitstekend gevaar en 'n besondere prestasie van tweede plek behaal. Baie geluk aan Duther Theron, Yaron Morule (Prince), Deon Toerien, Marc Poggenpoel en Strauss Viljoen. Die agt skole wat aan die toernooi deelgeneem het, sluit in Hoërskool Stellenbosch, Hoërskool Waterkloof, Pretoria Boys High School, Hoërskool Menlopark, Potchefstroom Gimnasium, Hoërskool Zwartkop, Curro Durbanville en Hoërskool Cradock.

In Stellenbosch se groep het die seuns te staan

gekom teen Waterkloof, Curro Durbanville en Cradock. Gedurende die rondomtalie wedstryde het Stellenbosch vir Curro Durbanville en Cradock oorwin. Die ongelooflike hoë gehalte spel het daar as testament gestaan tydens die semifinale, teen Pretoria Boys High School. Na 'n lang dag van hoë intensiteit en buitengewone ondersteuning het Hoërskool Stellenbosch die oorhand gehad en Boys High met 65 potte teenoor 63 gewen. Alhoewel dit puik tennis was om te aanskou, was dit die ondersteuning vir mekaar wat hierdie spelers verder motiveer het. Na afloop van die stryd betree hierdie spelers die finaal...

Na min slaap en baie son het hierdie spelers elke dag met nuwe energie en positiwiteit aangepak, ook so die aanloop tot die finaal. Duther Theron en Yaron Morule (Prince) het 'n uitstekende vertoning gelewer en beide het hulle wedstryde gewen. Hoërskool Stellenbosch het 'n tweede plek tydens een van die top nasionale tennistoernooie in Suid-Afrika behaal. Elkeen van hierdie spelers het 'n besondere impak gehad en kan werklik trots wees op hul buitengewone spel en uitsonderlike sportmangees. Hulle ondersteuning vir mekaar, deursettingsvermoë, intensiteit, motivering en liefde vir die spel is wat hierdie prestasie nog meer spesiaal maak.



Hulle is voorwaar 'n voorbeeld in alle opsigte. Weereens baie geluk aan hierdie top tennisspelers!

Klein genoeg om *persoonlik* te wees...

Die week voor interskole is bekend daarvoor om vol hope **gees en pret** te wees. Dit is wanneer Hoërskool Stellenbosch opgewonde raak vir die naweek se sport, of jy speler of ondersteuner is.

Foto-flitse

- 1.) Dominic Southon staan sterk teen 'n waterbal-lon-aanval
- 2.) Salmo Cilliers wat die snoepie na jou toe bring
- 3.) Jani Badenhorst en Miya Hartogh in hul komiteehemde wat loop en verfrissings verkwan-sel
- 4.) Daar was ook 'n danskompetisie, selfs vir dié met twee linkervoete
- 5.) Ronel Sauerman met 'n Stellie-Stumpie
- 6.) Nicola Goosen en Rooikat wys Stellie-liefde
- 7.) Die netbalstryd tussen onderwyser en leerder kan gevaarlik raak!
- 8.) Rogan, Evin en Attie is trotse toeskouers
- 9.) Die koshuisleerders wys vir die dorpie hoe om te lyndans
- 10.) Daar was heerlike stalletjies tydens die wêreld-beker netbal
- 11.) Dominic en Jason raak opgewonde vir inter-skole
- 12.) 'n Groep Stellies het op 'n nagmars gegaan vir verdere geesbou
- 13.) Die onderwysers is gereed om hulle netbal-wedstryd te wen!
- 14.) Die hokkiespan trek eenders aan vir die Big Brag
- 15.) Rooikat is natuurlik orals betrokke tydens hierdie week van gees
- 16.) Of jou sport nou rugby, hokkie, sokker of ver-spring is, op wêreldbekerdag speel ons almal saam netbal



Groot genoeg om *'n krag* te wees!



Rasieleiers



Hokkie Dogters o/16 A



Netbal o/18 C



Rugby o/15A



Hokkie Dogters o/18 A



Rugby o/19 B



Netbal o/18 A



Netbal o/15



Netbal o/16 A



Hokkie seuns o/16 A



Hokkie seuns o/18 A



Hokkie Dogters o/14



Rugby o/19 A



Netbal o/14 C



Netbal o/14 B



Netbal o/18 D

	Stellenbosch	Montana
Netbal		
o/18 A	23	25
o/18 B	18	9
o/18 C	10	0
o/18 D	4	23 (DVG)
o/16 A	21	2
o/16 B	21	4
o/15 A	25	11
o/15 B	22	10
o/15 C	25	1
o/15 D	21	2 (DVG)
o/14 A	30	6
o/14 B	12	10
o/14 C	24	4
o/14 D	6	7
Rugby		
o/19 A	28	20
o/19 B	27	20 (DVG)
o/16 A	17	5
o/15 A	12	5
Hokkie dogters		
o/18 A	1	0
o/18 B	5	0
o/16 A	5	0
o/16 B	0	2 (DVG)
o/14 A	8	0
Hokkie seuns		
o/18 A	1	0
o/18 B	0	0
o/16 A	2	1
o/14 A	2	1 (DVG)
Skaak		
	7	5
Vasvra		
Senior	29	13
Junior	27	19

#Derbyfeeling

Die eindfluitjie blaas. Soos een man storm die hele skool op die veld. Die eerste rugbyspan vorm 'n klein sirkel op die veld en die res van die skool 'n groot sirkel rondom hulle. Die gees loop hoog. Dit is mos nou vir jou 'n "derby feeling".

deur Githa Smit

Die hele week al kon 'n mens hierdie "vibe" in die lug voel. Hierdie afwagting vir iets groots. Tydens interskole-week was die gees groot. Almal was opgewonde vir die naweek wat kom.

Dit was natuurlik die vyf en dertigste interskole teen Hoërskool Montana waaroor die skool gegons het.

Tydens interskole-week vind daar 'n verskeidenheid van aktiwiteite plaas. Van die "neon night walk" en sokkie tot 'n "movie night" tot 'n interskole-braai soos net Hoërskool Stellenbosch hom ken met leerders wat lag en kuier. Eie aan Hoërskool Stellenbosch.

Die braai Donderdag-aand was definitief my gunsteling van die hele week. Die atmosfeer was heerlik met kinders en onderwysers wat sosialiseer, dans en net hul gate uit geniet. Dit was die perfekte manier om Saterdag, 17 Augustus 2019 se interskole in te gaan.

Interskole was 'n reuse sukses met amper al ons spanne wat gewen het met baie hoë tellings! Die eerste seuns- en dogtershokkiespan het ook 'n fantastiese oorwinning behaal.

Die hoogtepunt van die dag was die eerste-span rugbywedstryd. Wat 'n fantastiese spel was dit nie! Ons spelers het hulle alles gegee

en regtig uitstekend gespeel. Daar was 'n paar oomblikke waar die toeskouers hulle asem opgehou het, maar die eerstespan het aan die einde van die dag gewen met 'n telling van 28-20.

Die ouers en toeskouers kon self ons gees voel en hulle het daarin gedeel. Waar sal jy nog 'n skool kry waar die ouers kon sê dat ons 'n besondere en unieke gees het?

Interskole is 'n spesiale geleentheid in die jaar en ek kan met trots sê dat Hoërskool Stellenbosch weet hoe om die gees hoog te kry en van interskole 'n onvergeetlike oomblik te maak.



Kom speel saam **SOKKER!**

Hoërskool Stellenbosch is bekend daarvoor dat hulle vir die leerders die geleenthede gee om te kan deelneem aan alles wat hulle hart begeer en meer. Tog moes die leerders en onderwysers tot onlangs toe deur hulle tande sê "nee" as iemand vir hulle vra of Hoërskool Stellenbosch 'n sokkerspan het.

Daar was al baie probeerslae om 'n sokkerspan te stig by Hoërskool Stellenbosch, maar dit het nog elke keer ontaard in 'n klein groepie seuns wat net nou en dan 'n middag bymekaarkom om 'n

sokkerbal rond te skop. Die gebrek aan goeie afrigting en werklike toewyding aan 'n span het nog altyd deurgegaan. Dít het verander toe Ben van Wyk, 'n graad 10-leerder, besluit het

om sake in sy eie hande te neem en die bal aan die rol te sit. Hy het kontak gemaak met Sylvain Thomas van Maties en "Fives Futbol" om met die nuwe span, wat deur Ben bymekaar gesit is, af te skop. Hierdie spannetjie het nou al twee wedstryde agter die rug, wat self deur die leerders georganiseer is. Binne 'n kort tydperk, het daar baie talent te voorskyn gekom. Ben sê dat hy die span aanvanklik begin het omdat hy die talent in die skool raakgesien het. Hy weet egter ook

dat daar baie talent is wat hy nie self kan uitwys nie. Daarom moedig Hoërskool Stellenbosch jón aan om self te gaan kyk of jy nie dalk 'n versteekte sokkertalent het wat ontgin kan word met die regte afrigting nie. As jy wil deel raak van hierdie span, kan jy met Ben kontak maak of net inval wanneer jy hulle op die veld sien oefen. Ons is trots op die spelers wat sake in hul eie hande geneem het om 'n sokkerspan op die been te bring!

deur Jani Badenhorst



SPORTDINEE 2019

Met die trots van interskole nog op ons tonge, gee ons eer aan Hoërskool Stellenbosch se sportspelers by vanjaar se sportdinee.

deur Nina du Plessis

Die sportdinee is 'n formele geleentheid vir die skool om vir sy sportspelers erkenning te gee vir die afgelope jaar se harde werk en toewyding wat getoon is. Erkenning word nie net gegee aan die leerders wat uitblink nie, maar ook aan die leerders wat werklik gegroei het in daardie spesifieke sportsoort of deur die seisoen toegewyd gebly het tot hulle span of sport.

Die aand het bestaan uit goeie kos, goeie toesprake, goeie vermaak, mooi klere en welverdiende erkenning. Die aand is afgeskop deur Anso Kemp, 'n internasionale netbalskeidsregter en ons gasspreker vir die aand, wat ons spoedig herinner het aan die belangrikheid van dankbaarheid vir ons afrigters en skeidsregters. Sonder hulle harde werk en

opoffering sou hierdie suksesvolle sportjaar nie moontlik wees nie. Die opgewondenheid in die saal het die leerders se afwagting vir hul onbekende toekennings bevestig. Alle sportsoorte waaraan ons Stellies deur die jaar deelneem, was vereer. Een vir een word hulle op die verhoog geroep en erkenning word aan hulle gegee. Dit was 'n trotse oomblik om te

sien hoe baie Stellies betrokke is en deelneem aan die skool se sport. Om ons skoolhoof, mnr Pellissier, aan te haal: "n Betrokke Stellie is 'n gelukkige Stellie." Met groot glimlagte as 'n weerspieëling van hul harte was elke kind wat oor die verhoog gestap het 'n ware uitbeelding van die hoof se woorde. Hoërskool Stellenbosch is trots op sy sportspelers.

Uitsonderlike sportprestasies



Dominic Southon en **Anika Johnson** het Boland Regionals verwerf in hokkie. Ons is baie trots op hulle.



René Geldenhuys het haar volle swart gordel (Shodan) verwerf by die Goju Kai Hombu Dojo in Tokio in Japan onder leiding van Saiko Shihan Goshi Yamaguchi. Dit was 'n ongelooflike, verrykende ervaring en wat dit besonders maak, was dat sy die enigste dogter in die verkose groep van 8 juniors was.



Zoë Smith het op haar perd, Carel Hunke Fairy, vyf qualifiers gery. In die vyf *qualifiers* het sy twee tipe klasse gery, naamlik Dressage en Prix Caprilly waar sy twee klasse van elk gery het. In elke *qualifier* is die toetse anders. Zoë was toe gekies vir die Bolandspan wat vroeg in Augustus in George deelgeneem het. Sy het goed gedoen in George en is gekies om vir die Wes-Kaapspan in Johannesburg te gaan kompeteer later in die jaar.

Nader my koor aan Kritzie



Op 'n goeie koortoe, gevul met goeie ervarings en Meneer wat "memes" verkeerd uitspreek.

Van 25 tot 28 Julie 2019 het Hoërskool Stellenbosch se koor ons jaarlikse toer meegemaak. Die ervaring kan opgesom word as: Ons het musiek gemaak.

Agtuur Donderdagoggend val ons in die pad en begin die toer of "roadtrip" met die pragtige klooster in Swellendam. Hier het die koor vir dierbare nonne gesing en met warm harte uitgestap. Ons volgende bestemming was Riversdal, waar ons reggemaak het vir ons eerste groot konsert. Die koor het wel eerste ons eie privaat-vertoning gehad, waar ons talentvolle seuns hulle kreatiwiteit, hande en die groot lig gebruik het om vir ons 'n outydse silhoeët-film te maak. Die vertoning wat gevolg het, was een van die hoogtepunte gewees. In mnr Pellissier se woorde: "Julle het werklik musiek gemaak vanaand." Oom Awie van Wyk, wat Stelieskoor geseën het met sy wonderlike persoon-

likheid op hierdie toer, het selfs twee keer *encore* geroep. Met magies vol van Spur-burgers slaap ons snoesig in Stilbaai daardie aand. Na 'n heerlike ontbyt langs die see is ons volgende bestemming Mosselbaai. Ons het die kultuurryke dorp platgestap en alles vanaf roomys tot meer permanente goed (herinneringe, natuurlik) gekry. In Harties tree die koor die aand by die Dias Museum op en word deel van hierdie geskiedkundige plek. Daarna geniet die matrieks hul eeue oue tradisie met Kritzie. Die pad lei ons volgende na Agulhas, waar ons soos toeriste in ons eie land gelyk het. Hier het party van die koorlede die asemrowende see aangekyk en ander het hulself daarin bevind. Met magies vol vis en chips jaag ons om die bus Struisbaai toe te vang, waar die laaste aand-optrede sou plaasvind. Ons is verwelkom met sop en bekende gesigte. Die aand was ons tuis in Bredasdorp se koshuis. Almal het

werklik die koshuislewe omhels en het tot vir derdes gegaan. Daar was 'n paar ernstige tafeltennis-wedstryde en mnr Pellissier het gewys wie's baas. Die laaste oggend sing ons in Napier se pragtige kerk. Dié keer was dit nie net die ge-

hoor wat gehuil het nie. Loch Lomond het trane oor die koor se wange laat loop, maar trane van dankbaarheid. Nina van der Merwe, 'n matriekleerder wat al vanaf graad 8 in die koor is, beskryf dit as: "Emosioneel, maar amazing!"

deur Jana Basson



Francois, Luka, Christiaan en Jack by Dassiesfontein op pad huis toe Foto: Anika Kotze




'n Groep matrieks by die suidpunt van Afrika Foto: Anika Kotze



Donkievel gaan groot

Die goeie nuus het twee dae later per telefoonoproep gekom. Donkievel is deur na die ATKV nasionale finaal!

deur Jani Badenhorst



Hoërskool Stellenbosch is ongelooflik trots op hul toneelgeselskap wat hierdie jaar naam maak met die produksie Donkievel.

Toe die geselskap eers die teks, geskryf deur die briljante dr André Gerber, en ingewikkelde musiek deur die talentvolle David Wolfswinkel sien, het hulle 'n vreemde emosie ervaar. Bang, maar opgewonde. Die regie is behartig deur juf. Andrea Winckler en Janke Mostert. Die teks is gebaseer op 'n verhaal deur Charles Perrault, *Peau d'Ane*, wat gaan oor 'n man wat vir sy oorle vrou belowe het dat hy net sal trou met iemand so mooi en rein as wat sy was. Na tien jaar van soek, kon hy slegs een persoon kry wat aan hierdie vereiste voldoen: Sy eie dogter. Die teks is genoeg om enige ouer te laat gril, maar ook uiters komies. Donkievel het sy debuut gemaak op die Adam Small-teater se verhoog op 29 en 30 Julie 2019, waar die

geselskap gesien het hoe 'n professionele teater se agterverhoog lyk. Jani Badenhorst en Werner Snyman was omtrent bederf (asook uitgedaag!) met professionele toerusting vir die tegniese aspekte van die produksie. Die verhoog is gedeel met twee van Bloemhof se produksies, *Uhm...* en *Buite, buite, buite*, en ouers en skoolleerders kon kom beleef waarmee hul kinders, klasmaats of vriende besig is. Verder het Donkievel deelgeneem aan Hoërskool Durbanville se toneelfees op 6 Augustus 2019. Hier het hulle baie handige terugvoer gekry van teaterkeners soos Almal Nel, Johann Nel en Saartjie Botha. Donkievel het 'n derde plek behaal by Hoërskool Durbanville se toneelfees. Die groot mikpunt vir die geselskap was egter die ATKV-tienertoneelfees. Op 23 Augustus 2019 het die geselskap gewys wat werklik in hul steek. Daardie aand

het Donkievel weggehoop met 'n handvol prestasies. Dit het beteken dat daar nog 'n laat aand voorgelê het vir die geselskap, maar hulle het hulle nie laat onderkry nie en weer eens 'n uitstekende optrede gelever. Luke Swanepoel se sertifikaat het opgegradeer na 'n goue sertifikaat vir individuele spel. Die goeie nuus het twee dae later per telefoonoproep gekom. Donkievel is deur na die ATKV nasionale finaal! Dit beteken dat hierdie produksie in die top 18 skoolproduksies van die land is en die geleent-

heid gekry het om in die Adam Small-teater te kompeteer teen hierdie skole. Asof die harde werk van 'n toneel op die planke bring nie genoeg was nie, was daar nog 'n verdere terugslag met een van die geselskaplede wat 'n ernstige besering opgedoen het twee dae voor die optrede. Daar moes besluit word of die produksie sal voortgaan met 'n plaasvervanger en of Donkievel gaan onttrek. Die geselskap het besef dat hulle te hard gewerk het om hiër tou op te gooi en die dinge so gereël dat hulle drie dae later kom optree.

Gelukkig het Hoërskool Stellenbosch 'n aktrise van formaat, Greteli Fincham, wat binne 24 uur die teks geleer het en 'n uitmuntende vertoning gelever het. Sy en Jean-Marie Koekemoer het nominasies gekry vir die mees belowende aktrise by hierdie toneelfees. Hoërskool Stellenbosch is ongelooflik trots op hul toneelgeselskap. Hulle harde werk is beslis beloon. Die toneelgeselskap bedank ook elke Stel-lie wat Donkievel kom ondersteun het. Dit is altyd lekker om 'n bekende gesig in die gehoor te sien.

Donkievel- geselskap

Akteurs

Prinses Ané:
Koning André:
Tannie Chanté:
Prins Sjarmant:
Evil Queen:
Debora Credit:

Jean-Marie Koekemoer
Luke Swanepoel
Kyra Janse van Rensburg
Dieter Niewoudt
Shamonét Chalmers
Emile Mostert
Greteli Fincham
Chumani Komsana
Valerio Costa
Anja Venter
Olge Scholtz
Jan-Hendrik Basson
Chris Young
Johanelle Gerber

Spieëltjie:
Diertjie (tuinslang):
Diertjie (nie):
Diertjie (kussing):
Diertjie (mop):
Diertjie (karton):
Diertjie:

Tegnies

Beligting:
Klank:
Verhoogbestuurder:

Jani Badenhorst
Werner Snyman
Liebe Bester

Regisseur:
Mede-regisseur:

Juffrou Andrea Winckler
Janke Mostert



KINKY BOOTS

Ons skool se toneelgroep werk al vanaf die begin van die jaar baie hard om Donkievel op die planke te bring. Juffrou Winckler het dit goed gedink om een Dinsdagaand 'n blaaskans te neem van hierdie harde werk en die toneelgeselskap te bederf met die uitsonderlike teaterervaring om Kinky Boots in die Fugard-teater te gaan kyk. Hierdie produksie, wat gebaseer is op 'n ware verhaal, het al ses Tony en drie Oliver-toekennings agter sy naam. Die geselskap van Donkievel het met oop monde gestaar na die ongelooflike werk wat op die Fugard se planke gebring is. Hulle was nou bewus van die proses waardeur hierdie akteurs moes gaan om so 'n ingewikkelde produksie bymekaar te sit. Die toneelgeselskap het met 'n nuwe lus om mense te vermaak by die Fugard se deure uitgestap. Hierdie groep se oë het oopgegaan vir wat alles moontlik is op die verhoog en hulle is gevul met motivering om so na daaraan te kom met hul eie produksie. Daar is egter nog beter nuus! As gevolg van sy groot sukses, het Kinky Boots se speletyd verleng tot en met 2 Februarie 2020! So, daar is nog geleentheid vir jou om saam met jou vriende te gaan. Hou jou ore op die grond vir enige afkondigings, jy mag dalk net die ervaring van 'n leeftyd raakloop.

Uitsonderlike kultuurprestasies



Stellies-kultuur leef voort

Die Kunste Prestige- en Toekenningsaand is 'n geleentheid waar Hoërskool Stellenbosch se leerders vereër word vir prestasies wat die afgelope jaar op enige kultuurgebied behaal is. Dit is 'n luisterryke okkasie waar soliste, ensembles, die koor en orkes van ons skool die geleentheid kry om in 'n internasionale konsertsaal, die Endlersaal van die Universiteit Stellenbosch, op te tree. Vanjaar se program het die tradisie van puik gehalte items op die program sonder twyfel laat voortleef. Die Stellies Kinderkoor, onder leiding van mnr. Xander Kritzinger, het ons be-

hoorlik bekoor met die jongste nuwe talent op Stellenbosch. Leerders het pryse ontvang vir prestasie in die gebiede van Drama/Toneel, Musiek, Gasvryheid, Toastmasters, Redenaars, Debat en Kuns. Onder ander prysweners het drie van ons matriekleerders beurse en kontantpryse ontvang van die skool: Lize du Toit ontvang die Zwamborn-nalatsenskap toekenning vir Buitenwone prestasie in musiek. Van Zyl Strauss en Sylvia van Lingen ontvang uit die Zwamborn-gedenkprysfonds beurse vir verdere studies in musiek. Verder is daar spesiale

toekennings gemaak aan oudleerders, Ydi Coetsee Carstens vir haar uitsonderlike bydrae as Visuele Kunstenaar in Suid-Afrika en Jaconell Mouton vir haar besondere bydrae tot die bevordering van Ligte musiek in Suid-Afrika. Greteli Fincham, huidige matriekleerder, kry erkenning vir bydrae tot die professionele vermaaklikheidsbedryf in Suid-Afrika. 'n Liefde vir die Kunste klop duidelik deur die harte van die Stellies en ons hou met ywer dop hoe hierdie departement jaar na jaar nuwe hoogste bereik!

deur **Phebe la Grange**



Jaconell Mouton tydens haar optrede by vanjaar se Kunste Prestige Foto: Fokus



Van Zyl Strauss by vanjaar se Kunste Prestige Foto: Fokus



Samuel de Wet het die sesde plek in die Wes-Kaap behaal in die eerste blitsbrein junior algemene kennis kompetisie



Lilo van Wyk het 'n goue prys gewen van die Kaapse Wynland Onderwys distrik vir visuele kuns. Sy het 'n insek geteken, vergroot en op 'n lino blok uitgekerf, dit gebruik om 'n afdruk te maak en daarna met pastel ingekleur. Die kombinasie van ongelooflike talent en harde werk, waarborg nog vele suksesse in die toekoms.



Op Woensdag, 7 Augustus 2019, het Hoërskool Stellenbosch teen Hoërskool Hottentots Holland en Paul Roos Gimnasium meeding in die Toastmasters streekskompetisie. **Dominic Southon** het 'n eerste plek behaal met sy toespraaktitel "Your Future" en **Cate Stofberg** het 'n tweede plek behaal met haar toespraaktitel "The power of Kindness".



Hilda Krige is gekies deur die PJ Olivier Kunssentrum se straatkunskompetisie om haar kunswerk "Meulstroom seun", wat die skoonheid van die Meulstroom geromantiseer met 'n perpex-seuntjie wat visvang, in die dorp te gaan plaas.

Ronelsa Herman
 Cruyzen
 Fourie
 Barnard
 du Plessis
 Otto
 Wess
 van der Merwe
 Kruger
 Bruwer

WORD VERVOLG IN VOLGENDE UITGAVE...

09/19





VIR DIE STELLIES



DEUR DIE STELLIES

